# Afrikaans

## Huistaal en Lewensvaardigheid

1

Kwartaal 1




Grootboek

# 1

Kwartaal 1

# Afrikaans

## Huistaal en Lewensvaardigheid

Grootboek



**Erkennings**

Hierdie geïntegreerde program vir Huistaal en Lewensvaardigheid is deur 'n Funda Wande-span ontwikkel, in oorleg met individue van die kurrikulumdirektorate van die Departement van Onderwys in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Limpopo, akademici en onderwysers.

Die ontwikkeling van hierdie boeke is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Allan Gray Orbis Foundation Endowment, die FEM Education Foundation, die Michael & Susan Dell Foundation en die Zenex Foundation.

**Omslag**

Anja Stoeckigt

**Foto-erkennings**

**Funda Wande Media-span: Bladsy 12** (instruksies vir musiekbottel),
**Bladsy 42** (stappe om hande te was);
**iStock: Bladsy 14**: @THEGIFT777 (*gumboot*-dansers),
**Bladsy 15**: @brazzo (meisies wat dans), **Bladsy 16:** @JackF (*hip hop*-dansers);
**Shutterstock: Bladsy 16:** Africa Studio (baldansers);
**Alamy Stock Photo: Bladsy 16:** AfriPics (groepdansers).

Alle ander foto's is verskaf met toestemming: **Freepik**

www.fundawande.org

ISBN: 978-1-990952-46-3

Version 3: 2025

CC BY

Enigiemand is vry om die materiaal te **deel** (die materiaal in enige manier of in enige vorm te reproduseer of te versprei) of **aan te pas** (die materiaal vir enige doel te vermeng, te verander en uit te brei), mits jy die werk soos volg erken:
*Funda Wande, Afrikaans Huistaal en Lewensvaardigheid, Grootboek, Graad 1, Kwartaal 1, CC BY 4.0.*

Geen bepalings of maatreëls mag bygevoeg word om ander te beperk om enigiets te doen wat deur die wet volgens die lisensie ooreengekom is nie.

Vir meer inligting: https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/

# Inhoud

## Oriëntering


Week 1 Lewensvaardigheid: Plakboekbladsy ........ 2
Lui Lennie ........ 3


## Ek


Week 2 Lewensvaardigheid: Gedeelde Lees-roetine ........ 7
Luister en Praat: Eerste skooldag ........ 8
Gedeelde Lees: Wat kan jy doen? ........ 9
Week 3 Lewensvaardigheid: Maak 'n musiekbottel ........ 12
Luister en Praat: Diere kan dans ........ 13
Gedeelde Lees: Ons kan dans ........ 14


## Vriende



Week 4 Lewensvaardigheid: Kom ons vergelyk ........ 17
Gedeelde Lees: Ons hou van koek ........ 18
Week 5 Lewensvaardigheid: Ken gaan na Jan se huis ........ 22
Gedeelde Lees: Leeu en Muis ........ 23



## Skool


Week 6 Lewensvaardigheid: Lys van skoolklere ........ 27
Gedeelde Lees: Die skoolsak ........ 28
Week 7 Lewensvaardigheid: Wat is 'n reënboog? ........ 32
Gedeelde Lees: Nuwe kryte ........ 33


## Gesonde gewoontes


Week 8 Lewensvaardigheid: 'n Goeie nagrus ........ 37
Gedeelde Lees: Haas en Skilpad hardloop resies ........ 38
Week 9 Lewensvaardigheid: Was jou hande ........ 42
Gedeelde Lees: Dit is tyd om jou te was, Olla! ........ 43





**Week 1**

**Lewensvaardigheid:** Plakboekbladsy

- **Geheue:** Maak boek toe en kyk wie al die voorwerpe kan onthou.
- **Kies:** Hou jy van dit of dat?
- **Raai:** Dit is geel en lekker om te eet. Wat is dit?
- **Vergelyk:** Hoe is hulle dieselfde? Hoe verskil hulle?

# Lui Lennie


Week 1




Daar was eens 'n seun met die naam Lennie. Hy was agt jaar oud. (*Hoe oud is jy?*)
Maar hy was 'n baie lui seun. (*Allawêreld! Jy is tog nie lui nie?*)
Hy het die **hele dag** onder 'n boom in die skaduwee gesit en **niks** gedoen nie. (*Kyk na die prent. Kan jy sien hoe Lennie onder daardie boom sit?*)

Maar Lennie se bene en arms en mond het moeg geword vir sy luiheid. (*Wys my* ***jou*** *bene … en arms … en mond.*)
Sy arms het gesê: "Lennie, beweeg jou arms. Gaan help jou ma om die klere te was."
Maar Lennie het nie beweeg nie.
Sy bene het gesê: "Lennie, beweeg jou bene. Gaan help jou pa om in die grond te grawe."
Maar Lennie het nie beweeg nie.
Sy mond het gesê: "Lennie gaan help jou boetie om 'n boek te lees."
Maar Lennie het nie beweeg nie.
Lennie het onder die boom gesit en **niks** gedoen nie.
Sy bene en arms en mond het gesê: "Ons moet vir Lennie 'n les leer. Ons **moet** hom leer om nie lui te wees nie. As **hy** nie wil werk nie, sal **ons** ook ophou werk."

Lennie het nie opgemerk dat sy bene en arms en mond opgehou werk het nie.
Hy het net onder die boom gesit en **niks** gedoen nie.



Toe het die son begin sak. Dit het koud geword. Lennie het honger geword.
"Tyd vir aandete," het hy gedink, "ek moet ingaan."
Lennie sê toe vir sy bene: "Beweeg bene, ek moet nou ingaan."
Maar sy bene het gesê: "Nee, Lennie. Ons werk nie meer nie."
Lennie het 'n bietjie bang geword. Hy het gesê: "Beweeg arms, ek wil vir my broer waai om my te kom help."
Maar sy arms het gesê: "Nee, Lennie. Ons werk nie meer nie."
Lennie het nog banger geword. Hy het gesê: "Beweeg mond. Ek moet vir my ma skree om my te kom help."
Maar sy mond het gesê: (*Wat, dink jy, het sy mond gesê?*)
"Nee, Lennie. Nee, ek werk nie meer nie."
Arme Lennie. Hy kon nie sy bene of sy arms of sy mond beweeg nie! (*Wat gaan hy maak?*)




Die son het ondergegaan en skielik het dit baie donker en koud geword. Lennie kon sy ma en pa en broer in die huis **sien**, maar hy **kon nie beweeg nie**. (*Arme Lennie!*)
Hy hoor sy ma roep: "Lennie, Lennie! Waar is jy? Kom in vir ete!" (*Ek wonder wat gaan gebeur? Moet Lennie die hele nag buite in die donker bly? Wat dink jy?*)
Lennie het begin huil: "Bene, arms en mond, begin asseblief weer werk! Ek kry koud en is honger. Ek wil beweeg. Ek sal **nooit weer lui wees nie**."
Sy bene en arms en mond het hom jammer gekry.
Daarom het hulle gesê: "Goed, Lennie. Ons sal weer werk. Maar jy moet **ophou lui wees**."
"Dankie, bene, arms en mond," sê Lennie.
"Ek sal **nooit weer** lui wees nie."



Toe spring Lennie op en hardloop vinnig huis toe. Hy waai met sy hande en skree:
"Wag vir my. Wag vir my! Ek kom!"


# Gedeelde Lees-roetine

1




Netjiese lessenaar.

2




Beweeg mat toe.

3



Sit in posisie.

4



Lees.

5



Beweeg lessenaar toe.

**Week 2**
**Lewensvaardigheid**

Lees die plakkaat saam met die leerders.


- Waaroor gaan die plakkaat? Watter deel sê dit vir ons?
- Wat sê die nommers vir ons?
- Wat gebeur in elke prent? Waarom moet ons dit doen?
- Wat moet ons **eers** doen? **Volgende**? **Dan**? **Daarna**? **Laastens**?

# Eerste skooldag

**Week 2**
**Luister en Praat**

**Luister en praat**

- Wat kan hierdie leerders doen?
- Wat kan jy doen?



# Wat kan jy doen?



**Week 2**
**Gedeelde Lees**
Lees elke dag die hele storie saam met die leerders.

**Dag 1: Begrip**

- Wat is die meisie se naam?
- Wat kan sy doen?
- Wie is by haar?

**Dag 2: Dekodering**

- Hoeveel **woorde** sien jy op hierdie bladsy? (tel en klap)
- Wys na die woord **kan**.
- Waar **begin** ons om die woorde te lees?

Lillie kan touspring.

**Week 2**
**Gedeelde Lees**

**Dag 1: Begrip**


- Wat is die seun se naam?
- Wat kan hy doen?
- Wie is by hom?

**Dag 2: Dekodering**

- Hoeveel **woorde** sien jy op hierdie bladsy? (tel en klap)
- Wys na die woord **kan**.
- Waar **begin** ons om die woorde te lees?



# Dalu kan 'n bal skop.



Week 2
**Gedeelde Lees**

**Dag 1:** Begrip

- Wie het die bal gevang?
- Is die leerders verbaas?
- Wat anders kan 'n hond doen?
- Wat kan kinders doen (wat 'n hond nie kan doen nie)?

**Dag 2:** Dekodering

- Hoeveel **woorde** sien jy op hierdie bladsy? (tel en klap)
- Wys na die woord **kan**.
- Waar **begin** ons om die woorde te lees?

**Dag 3:** Vlotheid en reaksie

- Wys my wat Lillie, Dalu en Rex kan doen. (aksies)
- Nabootsspel: Leerder doen 'n aksie. Ander moet raai.
- Pare: *Hallo, my naam is … Ek kan … .*
- Herhaal saam hierdie week se aksierympie (sien Onderwysersgids bladsy 14).

# Rex kan 'n bal vang.


# Maak ’n musiekbottel

## Jy het nodig:



klein voorwerpe

’n skoon bottel met ’n proppie




papiertregter

## Wat om te doen:

1. Plaas die tregter bo in die bottel se nek.
2. Gooi die klein voorwerpe in die bottel en maak dit halfvol.
3. Draai die proppie vas.
4. Skud dit!



# Diere kan dans



**Week 3**
**Luister en Praat**

**Luister, lees en praat**

- Watter diere sien jy wat dans?
- Watter diere dans nie?

# Ons kan dans

**Week 3**

**Gedeelde Lees**

Lees elke dag die hele storie saam met die leerders.

**Dag 1: Begrip**

- **Lees die hele storie.**
- Verduidelik hoe 'n foto van 'n tekening verskil.
- Vra:
  - Watter soort dans is dit?
  - Het jy al gesien hoe mense so dans?
  - Waar/Wanneer?

**Dag 2: Dekodering**

- **Lees die storie weer saam met die leerders en stop aan die einde van elke bladsy.**
- Wys na die prent. Wys na die woorde.
- Hoeveel **woorde** sien jy op hierdie bladsy? (tel en klap)
- Waar **begin** ons die woorde lees?
- Wys na die woorde **kan/seuns**.



Die seuns kan dans.



**Week 3**
**Gedeelde Lees**

**Dag 1: Begrip**

- Watter soort dans is dit?
- Het jy al gesien hoe mense so dans?
- Waar/Wanneer?
- Watter kleure sien jy op die foto?

**Dag 2: Dekodering**

- **Lees die storie weer saam met die leerders en stop aan die einde van elke bladsy.**
- Hoeveel **woorde** sien jy op hierdie bladsy? (tel en klap)
- Waar **begin** ons die woorde lees?
- Wys na die woorde **kan/meisies**.

# Die meisies kan dans.

**Week 3**
**Gedeelde Lees**

**Dag 1: Begrip**

- Watter soort dans doen elkeen van hierdie kinders?
- Het jy al gesien hoe mense so dans?
- Kan jy so dans?

**Dag 2: Dekodering**

- **Lees die storie weer saam met die leerders en stop aan die einde van elke bladsy.**
- Wys na die prent. Wys na die woorde.
- Hoeveel **woorde** sien jy op hierdie bladsy? (tel en klap)
- Waar **begin** ons die woorde lees?
- Wys na die woorde **kan/seuns/meisies** in die storie.

**Dag 3: Vlotheid en reaksie**

- Wys my hoe die seuns in die boek gedans het.
- Wys my hoe die meisies gedans het.
- Watter soort dans hou jy van/het jy al gesien?
- Kom ons dans!
- Herhaal saam hierdie week se aksierympie (sien Onderwysersgids bladsy 28).

















Ons kan almal dans.

# Kom ons vergelyk

| | Grootte | Vorm | Kleur |
|---|---|---|---|
| waatlemoen  | groot |  |  |
| pynappel  | groot |  |   |
| piesang  | medium |  |  |
| lemoen  | medium |  |  |
| druiwe  | klein |  |  |

**Week 4**

**Lewensvaardigheid**

Lees die tabel saam met die leerders.

- Waaroor gaan die tabel? Watter deel sê dit vir ons?
- Wat is dieselfde as ons hierdie vrugte vergelyk?
- Wat is anders?
- Wat is dieselfde maar word nie in die tabel gelys nie?
- Wat is anders maar word nie in die tabel gelys nie?

# Ons hou van koek

Week 4

**Gedeelde Lees**

Lees elke dag die hele storie saam met die leerders.

**Dag 1: Begrip**

- **Lees die verhaal en stop aan die einde van elke bladsy.**
- Dink jy dat hierdie seuns vriende is?
- Wat het hulle in hul hande? Hoe laat is dit dan? (*speeltyd/ middagete*)
- Bring **jy** 'n toebroodjie, of koop jy iets vir middagete, of eet jy die kos wat die skool gee?

**Dag 2: Dekodering**

- Verduidelik die begrip van 'n sin (*'n groep woorde wat een gedagte/idee toon*). 'n Sin begin met 'n hoofletter en eindig met 'n punt.
- Hoeveel woorde is daar op hierdie bladsy? Hoeveel sinne is daar?
- Wys my die hoofletter en die punt.
- Wys elke woordeskat-flitskaart. Leerders pas die flitskaarte by die woorde in die teks en gebruik elke woord in 'n mondelinge sin.


**Flitskaarte**

hou van

ek | my



Themba en Tim.




Week 4
**Gedeelde Lees**

**Dag 1:** Begrip

- Watter drie goed is daar in Themba se kosblik?
- Hou jy van brood/sap/ lemoene?

**Dag 2:** Dekodering

- Hoeveel woorde is daar op hierdie bladsy? (tel en klap)
- Hoeveel sinne is daar op hierdie bladsy? Hoe weet jy dit? (*hoofletters, punte*)
- Wys na die woorde **hou van**/**ek**/**my**.
- Wys elke woordeskat-flitskaart. Leerders pas die flitskaarte by die woorde in die teks en gebruik elke woord in 'n mondelinge sin.

# Ek hou van my middagete.


Week 4
**Gedeelde Lees**

**Dag 1: Begrip**


- Watter drie goed is daar in Tim se kosblik? Hou jy van vleis/rys/appels?
- Watter kosblik sou jy kies? Hoekom?

**Dag 2: Dekodering**

- Hoeveel woorde is daar op hierdie bladsy? (tel en klap)
- Hoeveel sinne is daar op hierdie bladsy? Hoe weet jy dit? (*hoofletters, punte*)
- Wys na die woorde **hou van**/**ek**/**my**.
- Wys elke woordeskat-flitskaart. Leerders pas die flitskaarte by die woorde in die teks en gebruik elke woord in 'n mondelinge sin.
- Plaas die flitskaarte teen die woordmuur.



# Ek hou van my middagete.



Week 4
**Gedeelde Lees**

**Dag 1: Begrip**

- Waarvan hou hulle **albei**?
- Wie se koek is dit?
- Waarom, dink jy, bied sy die koek vir die seuns aan?
- Wanneer het jy koek geproe? Hoe smaak dit?
- **Lees weer die storie saam met die leerders.**

**Dag 2: Dekodering**


- Hoeveel sinne is daar op hierdie bladsy?
- Kyk na die einde van die sin. Die punt is anders. Dit is 'n uitroepteken. Dit wys dat die seuns opgewonde is.

**Dag 3: Vlotheid en reaksie**

- Van watter kos hou jy om te eet?
- **Pare:** Vertel jou maat wat jy graag in jou kosblik sou wou hê.
- **Pare:** Vertel jou maat twee goed wat jy graag op skool doen (byvoorbeeld, speel, teken, sing, ens.).
- Herhaal saam hierdie week se aksierympie (sien Onderwysersgids bladsy 42).

# Ons hou altwee van koek!

# Ken gaan na Jan se huis




**Week 5**

**Lewensvaardigheid**


Lees die plakkaat saam met die leerders.

- Wat is die doel van 'n kaart?
- Watter woorde moet jy verstaan om 'n kaart korrek te volg?
- Wat is oorkant die DBV?
- In watter straat is die park?

**Hoe om by Jan se huis te kom**

1. Loop in Hondstraat en draai links in Varkstraat.
2. Draai regs in Hoenderstraat.
3. Loop verby die vrugtestalletjie en draai links in Koeistraat.
4. Jan se huis sal aan jou regterkant wees.

# Leeu en Muis



**Week 5**
**Gedeelde Lees**
Lees elke dag die hele storie saam met die leerders.

**Dag 1: Begrip**

- Oor wie gaan hierdie storie? (karakters)
- Waar vind die storie plaas? (omgewing)
- Watter ander diere sien julle op die prent?
- Watter dier is die grootste?

**Dag 2: Dekodering**

- Hoeveel sinne is daar op hierdie bladsy? Hoe weet jy dit? (wys na die punt)
- Hoe spel ons **en**? (wys na die woord **en**)


Leeu en Muis.

**Dag 1: Begrip**

- Waarom, dink jy, het Leeu vir Muis gered in plaas daarvan om hom te eet?

**Dag 2: Dekodering**

- Hoeveel woorde is daar op hierdie bladsy? Hoe weet jy dit?
- Hoeveel sinne is daar op hierdie bladsy? Hoe weet jy dit?



# Leeu help vir Muis.



Week 5

**Gedeelde Lees**

**Dag 1: Begrip**

- Hoe het Muis vir Leeu gehelp? Waarom, dink jy, het hy vir Leeu gehelp?
- Wys elke flitskaart (*help*, *vriende*, *groot*, *klein*).
  - Leerders pas die flitskaarte by die woorde in die teks.
  - Leerders gebruik elke woord ook in 'n mondelinge sin.
  - Plaas die flitskaarte teen die woordmuur.

**Dag 2: Dekodering**

- Hoeveel woorde is daar op hierdie bladsy? Hoe weet jy dit?
- Hoeveel sinne is daar op hierdie bladsy? Hoe weet jy dit?

# Muis help vir Leeu.

**Dag 1: Begrip**


- Hoe het die storie geëindig? (*Leeu en Muis het vriende geword*)
- Waarom is Leeu en Muis nou beste vriende? (*hulle het mekaar gehelp*)

**Dag 2: Dekodering**

- Wys na die woord **is**.

**Dag 3: Vlotheid en reaksie**

- Lees die storie weer saam met die leerders.
- **Dramatisering:** Wys my hoe Leeu en Muis lyk … klink … beweeg.
- **Vertel** die storie **oor** deur hierdie vrae te beantwoord:
  - Wie is in die storie?
  - Waar vind die storie plaas?
  - Wat het eerste, tweede en aan die einde gebeur?
  - Hou jy van die einde? Waarom/waarom nie?
- **In pare:** Het jy al ooit iemand gehelp? Vertel jou maat daarvan.
- Herhaal saam hierdie week se aksierympie (sien Onderwysersgids bladsy 62).



Leeu en Muis is vriende.

# Lys van skoolklere




**Week 6**

**Lewensvaardigheid**

Lees saam met die leerders die lys van skoolklere.

- Wat is die doel van hierdie lys?
- Het jou skool ander items op die lys van skoolklere? (bv. rok/sportklere)
- Watter ander soorte lyste het jy al gesien wat mense maak?

# Die skoolsak

**Week 6**
**Gedeelde Lees**
Lees elke dag die hele storie saam met die leerders.

**Dag 1: Begrip**

- Wat is die titel (naam) van die storie?
- Waaroor, dink jy, gaan hierdie storie?
- Oor wie gaan hierdie storie?
- Waar het jy al van Pandu Padda gehoor? (*storietyd*)
- Wie is die ander padda? (*Simon Padda, sy broer*)

**Dag 2: Dekodering**

- Waar moet ek begin lees?
- Hoeveel woorde is daar op hierdie bladsy?
- Wys na die woord **sak**.



Wat moet ek in my skoolsak pak?



Week 6
**Gedeelde Lees**

**Dag 1: Begrip**

- Wat pak Pandu Padda in sy skoolsak?
- Is dit skoolgoed?

**Dag 2: Dekodering**

- Hoeveel sinne is daar op hierdie bladsy?
- Hoeveel punte is daar op hierdie bladsy?
- Hoeveel woorde is daar op hierdie bladsy?

# My kombers. My speelgoed. My klere.

**Dag 1: Begrip**

- Hoe weet Simon wat om vir skool in te pak?
- Waarom het Pandu 'n potloodsakkie vir skool nodig?
- Waarom het Pandu 'n kosblik vir skool nodig?

**Dag 2: Dekodering**

- Hoeveel woorde is daar op hierdie bladsy?
- Wat is die kortste woord?
- Wys na die woord **potlood**.



# Nee! Jou potloodsakkie en jou kosblik.



**Week 6**
**Gedeelde Lees**


**Dag 1: Begrip**
- Hoe, dink jy, voel Pandu?
- Wat het jy op jou eerste dag skool toe gebring?
- Het iemand jou gehelp om jou sak te pak?
- Wat was vandag in jou skoolsak?

**Dag 2: Dekodering**
- Wys na die woord **skool**.
- Hoeveel letters is daar in die woord **skool**?
- Wys my 'n hoofletter.

**Dag 3: Vlotheid en reaksie**
- **In pare:** Wat onthou jy van jou eerste skooldag? Hoe het jy gevoel?
- **Hele klas:**
  - Is dit 'n ware storie?
  - Gaan paddas regtig skool toe?
  - Het jy al ooit 'n padda gesien? Hoe het dit gelyk?
  - Waarom is paddas behulpsame diere? (*eet vlieë*)
  - Waar kry 'n mens paddas?
- **Beweging:** Hoe beweeg paddas? Hoe klink hulle?

# Gereed vir skool.

# Wat is 'n reënboog?



Dit is 'n reënboog.
Waar sien 'n mens reënboë?
Watter kleure kan jy sien?

**Week 7**

**Lewensvaardigheid**

- **Voor lees:** Leerders gesels oor wanneer hulle reënboë gesien het. Wat kan ons hieruit leer?
- Lees die teks saam met die leerders.
- **Na lees:** Noem en tel die kleure van die reënboog.

# Nuwe kryte



**Week 7**
**Gedeelde Lees**
Lees elke dag die hele storie saam met die leerders.

**Dag 1: Begrip**

- Hoeveel kleure kan jy sien?
- Wat, dink jy, gaan Sannie teken?
- Wat sal **jy** teken?

**Dag 2: Dekodering**

- Wat is die titel van hierdie storie?
- Hoeveel woorde is daar in die sin?
- Wys na die woord **kryt**.

Sannie het nuwe kryte.

# “Gebruik my asseblief!” sê Rooi.

**Week 7**
**Gedeelde Lees**

**Dag 1: Begrip**

- Wat wil die rooi kryt teken?
- Wat anders is ook rooi?
- Wat wil die blou kryt teken?
- Wat anders is ook blou?


**Dag 2: Dekodering**

- Hoeveel sinne is daar op hierdie bladsy?
- Hoeveel punte is daar?
- Watter woorde bevat die klanke van die week?
- Verduidelik dat die uitroepteken (!) vir ons sê dat die spreker hard praat. Dit kan ook skok of verbasing toon.



# “Gebruik my asseblief!” sê Blou.

“Gebruik my asseblief!” sê Geel.



“Gebruik my asseblief!” sê Groen.

**Week 7**
**Gedeelde Lees**

**Dag 1: Begrip**

- Wat wil die geel kryt teken?
- Wat anders is ook geel?
- Wat wil die groen kryt teken?
- Wat anders is ook groen?

**Dag 2: Dekodering**

- Hoeveel sinne is daar op hierdie bladsy?
- Hoeveel punte is daar?
- Watter woorde bevat die klanke van die week?

# Ek het al my kleure gebruik!

**Week 7**
**Gedeelde Lees**

**Dag 1: Begrip**

- Wat het Sannie geteken?
- Waar het jy dit al gesien?
- Noem die kleure van die vlag.

**Dag 2: Dekodering**

- Wys na die woord **kleure**.
- Hoeveel letters is daar in die woord **kleure**?
- Wys my 'n hoofletter.

**Dag 3: Vlotheid en reaksie**

- **In pare:** Wat is jou gunstelingkleur?
- **Klas:** Is dit 'n ware storie? Hoe weet jy dit? Kan kryte regtig praat?
- **In pare:** Sannie het die kryte as 'n geskenk gekry. Het **jy** al ooit 'n geskenk gekry? Wat was dit? Wie het dit vir jou gegee? As jy 'n geskenk kon kies, wat sou jy graag wou hê?



# 'n Goeie nagrus



**Jy het slaap nodig om gesond en gelukkig te bly!**

**Jy het 9–12 uur slaap per nag nodig.**

Dinge wat jou help om beter te slaap:

- Gaan slaap elke aand dieselfde tyd.
- Doen rustige aktiwiteite voor slaaptyd (geen skerms nie!).
- Slaap in 'n stil, donker kamer.

**Week 8**
**Lewensvaardigheid**

Lees die teks saam met die leerders.

- Bespreek hoekom ons kolpunte in feitelyste gebruik, soos op hierdie bladsy.
- Wat help ons om goed te slaap? (*'n gereelde slaaptyd en opstaantyd; 'n kalmerende slaaptydroetine; slaap met 'n sagte speelding, soos op die prent, of 'n spesiale kombers*)
- Wat versteur ons slaap?

# Haas en Skilpad hardloop resies

**Week 8**

**Gedeelde Lees**


Lees elke dag die hele storie saam met die leerders.

**Dag 1: Begrip**

- Wie is die twee hoofkarakters in hierdie storie?
- Waar vind die resies plaas?
- Waarom wil Haas hê hulle moet 'n resies hou?

**Dag 2: Dekodering**

- Wat is die titel van hierdie storie?
- Hoeveel woorde is in die sin?
- Wys na die woord **resies**. Hoeveel letters is daar in die woord **resies**?



Haas en Skilpad hardloop resies.

# Haas is vinnig. Hy hardloop vooruit.



**Week 8**
**Gedeelde Lees**

**Dag 1: Begrip**

- Wat gebeur eerste?
- Wat doen Haas volgende?
- Waarom, dink jy, moet Haas slaap?

**Dag 2: Dekodering**

- Hoeveel sinne is daar op hierdie bladsy?
- Hoeveel punte is daar op hierdie bladsy?
- Wys na die woord **vinnig**. Hoeveel letters is daar in die woord **vinnig**?
- Identifiseer enige woorde wat met die klanke van die week begin.

# Maar dan stop hy om te slaap.

# Skilpad is stadig maar hou aan.

**Week 8**
**Gedeelde Lees**

**Dag 1: Begrip**

- Hoe doen Skilpad 'n resies?
- Was dit nodig vir Skilpad om te slaap? Hoekom nie?

**Dag 2: Dekodering**

- Hoeveel sinne is daar op hierdie bladsy? Hoeveel punte is daar?
- Wys na die woord **stadig**. Hoeveel letters is daar in die woord **stadig**?
- Identifiseer enige woorde wat met die klanke van die week begin.



# Skilpad wen die resies!



**Week 8**
**Gedeelde Lees**

**Dag 1: Begrip**

- Hoe eindig die storie?
- Is die einde 'n verrassing? Hoekom?
- Watter les leer Haas?

**Dag 2: Dekodering**

- Identifiseer enige woorde wat met die klanke van die week begin.
- Wys na die woord **resies**.
- Wys my 'n hoofletter.

**Dag 3: Vlotheid en reaksie**

- Hardloop vinnig op die plek, soos Haas. Hardloop stadig op die plek, soos Skilpad.
- Klap vinnig, soos Haas. Klap stadig, soos Skilpad. Doen ander aksies, soos spring, knip, klik, ens.
- Vergelyk Haas en Skilpad met mekaar. Skryf die tabel op die skryfbord en laat die klas dit voltooi.

| Haas | Skilpad |
|---|---|
| vinnig | |
| gaan slaap laat | |
| verloor die resies | |

# Was jou hande

1



Maak jou hande met skoon water nat. Draai die kraan toe sodat jy nie water mors nie.

2



Smeer seep aan jou hande. Vryf jou hande vir 20 sekondes met seep (so lank as wat dit neem om twee keer "veels geluk, liewe maatjie" te sing).

3



Was die voor- en agterkant van jou hande.

4



Was tussen jou vingers.

5



Spoel jou hande met skoon water af.

6



Droog jou hande met 'n handdoek af.


**Week 9**

**Lewensvaardigheid**

Lees die plakkaat saam met die leerders.

- Hoekom, dink jy, is die prente genommer?
- Hoekom moet jy jou hande vir 20 sekondes lank was?
- Hoe lank is 20 sekondes?
- Hoekom draai ons die kraan toe nadat ons ons hande natgemaak het?

# Dit is tyd om jou te was, Olla!



**Week 9**

**Gedeelde Lees**

Lees elke dag die hele storie saam met die leerders.

**Dag 1: Begrip**

- Ag nee! Wat is Olla die olifant besig om te doen?
- Wat sê sy ma?
- Watter ander diere kan jy sien?

**Dag 2: Dekodering**

- Wys my die titel van die storie.
- Uit hoeveel woorde bestaan die titel?
- Hoeveel woorde word met 'n hoofletter geskryf?
- Wys na die woord **was**. Uit hoeveel klanke bestaan die woord **was**?

Dit is tyd om jou te was, Olla!

# Ma skrop vir Olla.

**Week 9**
**Gedeelde Lees**

**Dag 1: Begrip**

- Dink jy Olla hou daarvan om geskrop te word?
- Hoe weet jy dit?
- Wat sê Olla?


**Dag 2: Dekodering**

- Hoeveel uitroeptekens is op hierdie bladsy?
- Wys na die woord **skrop**. Hoeveel klanke hoor jy in die woord **skrop**?
- Identifiseer enige woorde wat met die klanke van die week begin.



“Eina! Eina! Eina!” huil Olla.

# Ma spoel vir Olla af.



Week 9
**Gedeelde Lees**

**Dag 1: Begrip**


- Wat is besig om hier te gebeur?
- Hoekom huil Olla?
- Wat sê hy?
- Hoekom is dit belangrik om Olla af te spoel?

**Dag 2: Dekodering**

- Hoeveel uitroeptekens is op hierdie bladsy?
- Luister na die woord **spoel**. Hoeveel klanke hoor jy in die woord **spoel**?
- Identifiseer enige woorde wat met die klanke van die week begin.

# "Aai! Aai! Aai!" huil Olla.

# Ma droog vir Olla af. "Mmmm," sê Olla.



# Olla is weer skoon.

**Week 9**
**Gedeelde Lees**

**Dag 1: Begrip**

- Is Olla nou gelukkiger?
- Hoekom sê jy so?
- Wat sê hy?
- Watter drie goed het sy ma gedoen om Olla skoon te kry?

**Dag 2: Dekodering**

- Hoeveel sinne is op hierdie bladsy?
- Watter sin het die meeste woorde?
- Luister na die woord **droog**. Hoeveel klanke hoor jy in die woord **droog**?
- Identifiseer enige woorde wat met die klanke van die week begin.

**Dag 3: Vlotheid en reaksie**

- **Klasbespreking:**
  - Hoe raak diere en kinders vuil?
  - Was jy jouself of help iemand jou?
  - Voel jy beter wanneer jy skoon is? Hoekom/hoekom nie?
- **Beweging: Maak jouself skoon**
  - Maak of julle almal baba-olifante is.
  - Gebruik julle "slurpe" (arms). Skrop eers jouself … spoel nou met koue water af … droog nou jouself met 'n groot, donsige handdoek af. Wys my op jou gesig hoe jy voel.

Funda Wande

Reading for Meaning

Western Cape Government
Education
FOR YOU

creative commons
CC-BY- 4.0

ISBN 978-1-990952-46-3
9 781990 952463

VERSION 3.0